

GERT JEREMIAS DANIEL VOLSCHENK

en

DIE PRESIDENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE
GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD, NO

SMALBERGER, Wn AR :-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

GERT JEREMIAS DANIEL VOLSCHENK

Appellant

en

DIE PRESIDENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE

GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD, NO

Respondent

CORAM:

JANSEN, Wn HR, JOUBERT, CILLIÉ,

VAN HEERDEN, ARR, et SMALBERGER, Wn AR.

VERHOORDATUM: 18 MAART 1985

LEWERINGSDATUM: 28 MAART 1985

U I T S P R A A K

SMALBERGER, Wn AR:-

Die appellant, 'n geneesheer, wat as
sulks geregistreer is kragtens die bepalings van die Wet

op /

op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheids=
 diensberoepe, No 56 van 1974 (die Wet), het by wyse van
 hersiening in die Transvaalse Provinsiale Afdeling
 aansoek gedoen om die tersydestelling van 'n besluit van
 die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad
 (die Raad) waarkragtens hy vir 'n tydperk van ses maande
 in sy praktyk geskors is. Sy aansoek is deur die hof
a quo, bestaande uit PREISS en KIRK-COHEN, RR, van die
 hand gewys. Met verlof van die hof a quo kom hy nou
 in hoër beroep na hierdie Hof.

Die feite wat aanleiding gegee het tot die
 appellant se aansoek is gemene saak. Ten gevolge van
 sekere klagtes wat teen die appellant by die Raad inge=
 dien is, het die Uitvoerende Komitee van die Raad 'n

tugkomitee /

tugkomitee aangewys om die klagtes te ondersoek.

Die tugkomitee het bestaan uit vier lede van die Raad,

insluitende die destydse President van die Raad.

Op 23 Augustus 1983 het die appellant voor die tugkomitee

verskyn op twee klagtes van onbetaamlike of skandelijke

gedrag voortspruitend uit sy behandeling van 'n sekere

pasiënt wat later oorlede is, en die regsgeneeskundige

lykskouing wat hy na die betrokke pasiënt se dood op sy

liggaam uitgevoer het. Die appellant was tydens die

ondersoek regsverteenvoerdig. Na die aanhoor van ge-

tuïenis en argument het die tugkomitee die appellant op

beide klagtes skuldig bevind. Daarna is verdere

getuïenis en argument aan die tugkomitee voorgelê in

verband met straf alvorens die tugkomitee verdaag het

om /

om oor 'n gepaste straf te besin. By hervatting van

die verrigtinge is die appellant as volg deur die

President meegedeel:-

"Dr Volschenk, die Komitee het besluit om 'n rekord van hierdie ondersoek aan die Raad voor te lê by sy volgende vergadering in Oktober 1983 met die aanbeveling dat u (1) ten opsigte van klagte 1 gewaarsku word, en (2) ten opsigte van klagte 2 vir 'n tydperk van ses maande geskors word maar dat die tenuitvoerlegging van die straf vir drie jaar opgeskort word op voorwaarde dat u nie gedurende daardie tydperk aan enige oortreding deur die Raad skuldig bevind word nie. Ek wil dit net hier duidelik stel dat daar moet besef word dat die Raad kan die straf verswaar of versag. U mag skriftelike vertoë aan die Raad rig aan die Registrateur en dit moet hom voor 16 September 1983 bereik."

Die /

Die appellant het nie van die geleentheid wat hom aangebied is om skriftelike vertoë aan die Raad te rig, gebruik gemaak nie. Daar is blykbaar ook geen navraag deur of namens hom gedoen om uit te vind presies wanneer die Raad sou vergader om oor sy straf te besin nie, en is daar geen versoek aan die Raad gerig dat hy by dié geleentheid toegelaat word om voor die Raad te verskyn nie, hetsy persoonlik of deur 'n regsverteenwoordiger. Dié aangeleentheid het tydens 'n sitting van die Raad op 13 Oktober 1983 voor die Raad gedien. Die volledige notule van die verrigtinge voor die tugkomitee tesame met 'n verslag van die tugkomitee, wat vooraf aan alle lede van die Raad beskikbaar gestel is, is deur die Raad oorweeg. Die Raad het besluit "dat die

bevinding /

bevinding van die (tug)komitee bekragtig word maar dat die aanbeveling in verband met die straf wat opgelê moet word, nie aanvaar word nie, en dat dr G J D Volschenk vir 'n tydperk van ses maande geskors word met ingang 13 Oktober 1983". Die appellant is dienooreenkomstig verwittig. Dit is hierdie besluit van die Raad wat tot die appellant se aansoek aanleiding gegee het.

Soos blyk uit wat reeds gesê is, waar die tugkomitee die appellant op twee klagtes skuldig bevind het en strawwe ten opsigte van elk aanbeveel het, het die Raad net een straf opgelê. Dit is nie duidelik of die Raad die klagtes vir die doeleindes van straf saamgevat het nie, en of die eerste klagte net in die niet verdwyn het. Hierdie aspek was egter nie uitdruklik in

die /

die appellant se aansoek geopper nie. In beginsel maak dit nie saak of die straf wat bepaal is betrekking het op die twee klagtes gesamentlik, of net die tweede klagte nie. Voorts word daar met die aangeleentheid gehandel op die grondslag dat dit net die straf op die tweede klagte is wat ter sprake is.

Kortliks saamgevat kom die betoog namens die appellant op die volgende neer: Die Raad het sy bevoegdheid kragtens die Wet om 'n ondersoek in te stel na die klagtes teen die appellant aan die tugkomitee gedelegeer; die tugkomitee tree namens die Raad op en vervul al die funksies van die Raad met betrekking tot die ondersoek; kragtens die Wet en die regulasies wat betrekking het op so 'n ondersoek was die tugkomitee nie

alleenlik /

alleenlik verplig om die skuld van die appellant te bepaal nie, maar ook om hom 'n straf op te lê, die rede hiervoor synde dat 'n tugondersoek 'n ondeelbare begrip is en 'n gedeeltelike delegasie (dws een wat 'n bevinding ten opsigte van skuld veroorloof maar nie die oplegging van straf nie) nie kan geskied nie; die tugkomitee se aanbeveling ten opsigte van straf het in wese neergekom op die oplegging van 'n straf (wat die appellant bereid was om te aanvaar); die Raad is nie by magte om 'n straf deur 'n tugkomitee opgelê te verswaar nie; waar die Raad sy bevoegdhede ten opsigte van 'n ondersoek aan 'n tugkomitee delegeer die Raad net een funksie behou, naamlik, om ingevolge artikel 11(5) van die Wet die opgelegde straf te bekragtig; indien die Raad wel by magte is om 'n

straf /

straf te verswaar daar in die onderhawige geval 'n

miskenning van die audi alteram partem reël was.

Hierdie betoog moet oorweeg word aan die hand van die reeds gemelde feite, en die bepalings van die Wet en die betrokke regulasies daarkragtens uitgevaardig.

As uitgangspunt moet daar op die bepalings van artikel 11 van die Wet gelet word. Artikel 11(1) en (2) maak voorsiening vir die verpligte instelling deur die Raad van 'n onderwyskomitee en 'n spesialistekomitee, die samestelling van sulke komitees en hulle bevoegdhede en werksaamhede. Artikel 11(2A) het betrekking op die instelling en samestelling van 'n tariewekomitee. Artikel 11(3), (4) en (5) is tot die volgende effek:-

"(3) Die /

"(3) Die raad kan van tyd tot tyd die ander komitees instel wat hy nodig ag, elkeen waarvan bestaan uit soveel persone, deur die raad aangestel, as wat die raad bepaal, maar wat ten minste een lid van die raad, wat as voorsitter van die komitee dien, moet insluit, om ondersoek in te stel na en aan die raad verslag te doen aangaande enige aangeleentheid wat binne die bestek van die raad se werksaamhede kragtens hierdie Wet val.

(4) Behoudens die bepalinge van subartikel (5) kan die raad aan 'n kragtens subartikel (3) ingestelde komitee, benewens die bevoegdhede in subartikel (3) aan sulke komitees verleen, sodanige van sy bevoegdhede delegeer as wat hy van tyd tot tyd bepaal, maar word nie onthef van 'n bevoegdheid wat aldus gedelegeer is nie.

(5) Geen straf opgelê deur 'n komitee wat ingevolge subartikel (1) of (3) ingestel is, uitgesonderd 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing, is van krag nie totdat die raad die oplegging daarvan bekragtig het."

(Vir soverre dit van belang mag wees, is die Afrikaanse teks van die Wet geteken.)

'n Tugkomitee is nie een van die komitees genoem in artikel 11(1) of (2) nie, maar is een van die "ander komitees" waarna in artikel 11(3) verwys is, en word kragtens daardie subartikel ingestel.

Luidens artikel 41(1) van die Wet is die Raad "bevoeg om 'n ondersoek in te stel na 'n klagte, beskuldig= ing of bewering van onbetaamlike of skandelijke gedrag teen 'n persoon wat kragtens hierdie Wet geregistreer is en om by skuldigbevinding van so 'n persoon aan sodanige gedrag, enige van die strawwe voorgeskryf in artikel 42(1) op te lê". Die strawwe waarna in artikel 42(1) verwys word is:-

"(a) 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing; of

(b) /

(b) skorsing, vir 'n vasgestelde tydperk, in sy praktyk of die verrigting van handelinge wat by uitstek by sy beroep tuis hoort; of

(c) skrapping van sy naam uit die register."

Die bevoegdhede van die Raad ten opsigte van tugaangeleenthede behels dus 'n ondersoek na beweerde onbetaamlike of skandelijke gedrag deur 'n geneesheer en, indien 'n skuldigbevinding daarop volg, die oplegging van 'n gepaste straf.

Dit is gemene saak dat die tugkomitee in die onderhawige geval luidens die bepalinge van artikel 11(3) en 41(1) van die Wet deur die Raad aangewys was om die klagtes teen die appellant te ondersoek, en dat bevoegdhede van die Raad ten opsigte van sodanige ondersoek aan die tugkomitee gedelegeer is.

Die /

Die gevolg van delegasie is dat "as die gedelegeerde 'n funksie namens of ten behoeve van die delegans uitoefen, tree hy volledig in die plek van die delegans op en hy verrig die funksie asof die delegans dit self verrig het". (WIECHERS: Administratiefreg : 2de Uitgawe, p 57.)

In die onderhawige geval is die kardinale vraag egter welke funksie aan die tugkomitee gedelegeer is, en tot welke mate dit deur daardie liggaam uitgeoefen is. Artikel 11(4) van die Wet verleen 'n baie wye diskresie aan die Raad aangaande die delegasie van sy bevoegdhede. So wyd is die Raad se diskresie dat daar in beginsel geen beswaar daarteen kan wees nie sou die Raad, indien hy verkies, slegs gedeeltelik sy bevoegdhede aan 'n tugkomitee deleger. Dus is die Raad bevoeg om 'n tugkomitee aan te wys om 'n klagte van onbetaamlike of skandelijke gedrag

teen 'n geneesheer te ondersoek, en 'n bevinding ten opsigte van die klagte uit te bring, terwyl die Raad sy strafbevoegdheid ingeval van skuldigbevinding behou. Daar is niks wat die Raad verplig om 'n strafbevoegdheid aan 'n tugkomitee te deleger nie. Die splitsing van bevoegdhede is blykbaar in die geval van die Raad lank reeds 'n gevestigde praktyk. (Vgl S A Medical and Dental Council v McLoughlin 1948 (2) SA 355 (A).)

Met 'n beroep op S A DE SMITH: Judicial Review of Administrative Action (4de Uitgawe) op p 220 is daar namens die appellant betoog dat 'n gedeeltelike delegasie van hierdie aard nie regtens moontlik is nie. In die relevante passasie word daarop gewys dat in die algemeen nóg 'n persoon wat 'n regsfunksie uitoefen, nóg lede van 'n

administratiewe /

administratiewe liggaam, deel kan hê aan 'n beslissing

waar daardie persoon of lede nie al die mondelinge

getuienis en betoë aangehoor het nie want "bias and

ignorance alike preclude fair judgment upon the merits

of a case". De Smith wys egter op uitsonderings op

hierdie algemene reël, en dit blyk duidelik aan die hand

van 'n latere passasie op p 220 asook van wat op pp 298/9

verskyn dat minstens waar statutêre magtiging daarvoor

bestaan (soos in die onderhawige geval) die splitsing van

bevoegdhede deur die delegasie van 'n ondersoek met voor-

behoud van die mag om straf op te lê 'n geoorloofde prose-

dure is. Die Raad was dus by magte om slegs sy bevoegd-

heid om 'n ondersoek te hou, en tot 'n bevinding te kom,

aan die tugkomitee te deleger.

Ten opsigte van die ondersoek rakende die appellant is daar geen spesifieke bevoegdhede deur die Raad aan die tugkomitee gedelegeer nie. Die partye is dit eens dat die tugkomitee gevolglik moes optree ingevolge die bepalinge van die Wet en die regulasies vir die hou van ondersoeke wat kragtens artikel 61(1)(a) en (r) van die Wet uitgevaardig is. Die betrokke regulasies betreffende die instelling van ondersoeke wat ingevolge artikel 41 van die Wet gehou word (die Regulasies) is bevat in Goewermentskennisgewing R2268 van 3 Desember 1976.

Regulasies 1 tot 13 het betrekking op die samestelling van 'n tugkomitee, die prosesregtelike stappe wat voor 'n ondersoek gedoen moet word, en die prosedures wat by die ondersoek self gevolg moet word. Regulasie

14(1) tot (7) handel met beraadslaging na die aanhoor
 van getuienis en betoë; die prosedures wat volg op
 skuldigbevinding of ontslag op die betrokke klagtes,
 na gelang van die geval; die bewys van vorige skuldig=
 bevindings, indien enige; en betoë ten opsigte van
 straf, asook getuienis ter versagting. Regulasie 14(8)
 het betrekking op beraadslaging omtrent die straf wat
 opgelê moet word (wat die een of die ander van die strawwe
 moet wees wat in artikel 42(1) van die Wet voorgeskryf
 is). Daarna kom die volgende tersaaklike bepalings
 voor:

"(9) 'n Straf deur die raad kragtens subregulasie
 (8) opgelê, moet op skrif gestel word, moet deur
 die president onderteken word en moet deur die
 registrateur op die persoonlike lêer van die
 betrokke persoon in die kantoor van die raad
 gehou word.

- (10) (a) Waar die raad of die tugkomitee 'n beskuldigde skuldig bevind, kan hy
- (i) die oplegging van die straf vir die tydperk en op die voorwaardes wat deur hom bepaal word, uitstel; of
 - (ii) 'n straf vermeld in subregulasie (8)(b) of (c) opleë, maar beveel dat die tenuitvoerlegging van die straf uitgestel word vir die tydperk en op die voorwaardes wat deur hom bepaal word.
- (b)

(11) Indien die saak deur 'n tugkomitee verhoor is, en die beskuldigde skuldig bevind is en daar besluit word dat die straf wat opgelê moet word 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing moet wees, moet die bevinding en die straf aan die beskuldigde opgelê, onmiddellik daarna aan die betrokke partye meegedeel word deur die voorsitter wat op die vergadering van sodanige komitee voorsit, of op 'n later datum per brief, al na die komitee gelas. Die komitee moet sy optrede aan die raad rapporteer.

(12) Indien die saak deur 'n tugkomitee verhoor is, en die beskuldigde skuldig bevind is en daar besluit word om aan te beveel dat 'n ander straf as 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping

en /

en 'n waarskuwing opgelê word, moet die komitee alle stukke met 'n verslag van die getuienis en sy bevinding en aanbeveling in verband met die straf wat opgelê moet word, aan die raad stuur, wat dan sodanige bevinding en aanbeveling kan wysig of bekragtig, of kan weier om dit te bekragtig, of die saak na die tugkomitee kan verwys vir verdere oorweging en verslag.

In hierdie geval word die aanbeveling met betrekking tot die straf wat opgelê moet word, ook onmiddellik daarna aan die betrokke partye meegedeel deur die voorsitter wat op die betrokke vergadering voorsit, of op 'n later stadium per brief, al na die komitee gelas. Die beskuldigde is geregtig om vertoë tot die raad te rig ten aansien van die uitoefening van die raad se diskresie met betrekking tot die bekragtiging van die oplegging van die straf. Sodanige vertoë geskied slegs by wyse van 'n skriftelike memorandum gerig aan die registrateur vir voorlegging aan die raad. Die raad oorweeg geen vertoë ten aansien van die uitoefening van die raad se diskresie met betrekking tot die bekragtiging van die oplegging van die straf nie tensy sodanige vertoë skriftelik deur die beskuldigde self of sy regsverteenwoordiger aan die registrateur gerig word. Alle vertoë moet deur die registrateur ontvang word voor 'n datum wat

die /

die voorsitter ten tyde van die gemelde mededeling moet aankondig, of wat in die gemelde brief vermeld moet word.

(13)

(14) Waar 'n straf opgelê is en, waar nodig, deur die raad bekragtig is, stel die registrator die Sekretaris van Gesondheid in kennis van die naam van die persoon wat gestraf is, asook van die aard van die beskuldiging(s) waaraan hy skuldig bevind is en die straf wat opgelê is

Ofskoon die aangehaalde subparagrafe van regulasie 14 nie 'n toonbeeld van duidelikheid is nie, kan die bevoegdhede van 'n tugkomitee ten opsigte van die oplegging van straf geredelik daarvan afgelei word. Regulasie 14(10)(a) verplig nie 'n tugkomitee om 'n straf op te lê nie maar magtig die oplegging daarvan (..... kan hy). In stede ^{van} om 'n straf op te lê, is daar vir 'n tugkomitee 'n ander uitweg, naamlik, om kragtens regulasie 14(12) 'n straf /

straf aan te beveel. Die keuse tussen 'n straf oplê en 'n straf aanbeveel is dié van die tugkomitee waar, soos in die onderhawige geval, regulasie 14 geld. Waar die tugkomitee 'n aanbeveling in verband met straf maak, hoef die Raad nie daaraan gevolg te gee nie. Dit staan die Raad vry om kragtens regulasie 14(12) òf die aanbeveling te bekragtig òf om dit te wysig. In iedere geval word die opgelegde straf dié van die Raad en geld die bepalinge van regulasie 14(9). Waar die tugkomitee 'n straf oplê moet sodanige straf deur die Raad kragtens artikel 11(5) van die Wet bekragtig word. Dat 'n tugkomitee 'n keuse het om 'n straf op te lê of aan te beveel, en dat in laasgenoemde geval die Raad 'n straf oplê, is in beginsel ooreenstemmend met die bepalinge van artikel 11(4) van

die /

die Wet, en nie strydig met enige ander bepalings van die Wet of die Regulasies nie. Dit is nie nodig vir die doeleindes van hierdie uitspraak om enige uitleg te gee van die woorde "word nie onthef van 'n bevoegdheid wat aldus gedelegeer is nie" in artikel 11(4) nie.

Daardie woorde hou waarskynlik 'n ander betekenis in as hulle letterlike betekenis, want 'n letterlike vertolking sou öenskynlik in stryd wees met die beginsel dat waar 'n delegans 'n bevoegdheid deleger, en die gedelegeerde daardie bevoegdheid namens die delegans reeds uitgeoefen het, die delegans functus officio is. Dit is ook nie nodig om in die onderhawige geval te besluit of Regulasie 14(12), vir soverre dit voorsiening maak vir bekragtiging deur die Raad van 'n tugkomitee se bevinding, ultra vires is of nie, soos namens die appellant betoog.

Al sou dit die geval wees (en daar is aanduidings tot dien effek), raak dit nie Regulasie 14(12) wat die aanbeveling van 'n straf deur 'n tugkomitee, en die wysiging of bekragtiging van die aanbevole straf deur die Raad, betref nie, aangesien die bepalings met betrekking tot die bevin- ding aan die een kant en die straf aan die ander kant skei- bare en onafhanklike bepalings is, en die ongeldigheid van die een affekteer nie die ander nie. (Vgl Johannesburg City Council v Chesterfield House (Pty) Ltd 1952(3) SA 809 (A) op 822 D; S v Prefabricated Housing Corporation (Pty) Ltd and Another 1974(1) SA 535 (A) op 514 F.)

Die slotsom waartoe ek derhalwe kom is dat die tugkomitee in die onderhawige geval nie verplig was om die appellant 'n straf op te lê nie, maar geregtig was om 'n straf aan te beveel, wat dit wel gedoen het. Gevolglik

was /

was die Raad by magte om die aanbeveling te bekragtig of te wysig, wat daarop neerkom dat die Raad 'n gepaste straf kon oplê, wat dan ook gebeur het. In dié opsig, afgesien van die vraag of die audi alteram partem reël nie nagekom is nie, wat aanstons behandel sal word, was die Raad se optrede regmatig.

Aangesien dit duidelik blyk dat die tugkomitee nie die appellant 'n straf opgelê het nie maar alleenlik een aanbeveel het, is die bepalinge van artikel 11(5) van die Wet nie van toepassing nie want hulle geld alleenlik waar 'n straf opgelê is, en sodanige straf deur die Raad bekragtig moet word. Dit is dus nie nodig om te besluit watter betekenis die woord "bekragtig" inhou nie, en of dit die Raad magtig om 'n opgelegde straf te verswaar nie.

Die /

Die enigste oorblywende vraag is of daar 'n
 miskenning van die audi alteram partem reël was omdat
 die appellant nie, hetsy persoonlik of deur 'n regsver=
 teenwoordiger, aangehoor was alvorens die Raad sy straf
 bepaal het nie. Regulasie 14(12) maak voorsiening vir
 die rig van skriftelike vertoë "ten aansien van die uit=
 oefening van die raad se diskresie met betrekking tot
 die bekragtiging van die oplegging van die straf".
 Dit swyg egter aangaande die posisie wat geld as 'n straf
 aanbeveel is deur 'n tugkomitee. Die tugkomitee was
 skynbaar in dié verband onder die indruk dat geen onder=
 skeid getref word tussen die geval waar 'n straf opgelê
 en 'n straf aanbeveel word nie, want die appellant is in
 kennis gestel dat hy skriftelik vertoë aan die Raad kon

rig /

rig aangaande sy straf. Artikel 42(2) van die Wet bepaal dat "Aan iedereen wie se gedrag die onderwerp van 'n ondersoek kragtens artikel 41 uitmaak, moet die geleentheid gegun word om, òf in eie persoon òf deur sy regsverteenwoordiger, op die beskuldiging te antwoord en sy verdediging aan te voer". As artikel 42(2) meebring dat die reg tot persoonlike verskyning of regsverteenwoordiging voortduur tot finale strafbepaling mag daardie deel van regulasie 14(12) waarna so pas verwys is, vir soverre dit nie met artikel 42(2) te versoen is nie, ultra vires wees. In SA Medical and Dental Council v McLoughlin (supra), in ietwat soortgelyke omstandighede as die onderhawige, waar 'n vroeëre statutêre bepaling ooreenstemmend met artikel 42(2) van toepassing was, is

die /

die vraag oopgelaat of 'n mediese raad verplig is om 'n beskuldigde voor die bepaling van 'n gepaste straf aan te hoor, maar daar is wel gesê (op bl 389): "Certainly it is desirable for the Council to do so". In Helgesen v South African Medical and Dental Council 1962(1) SA 800 (N) het die Raad geweier om 'n advokaat toe te laat om namens Helgesen te verskyn toe die Raad die verslag van 'n tugkomitee oorweeg het. In die loop van sy uitspraak het WILLIAMSON, RP, die volgende gesê op b 816 A - D:-

"Neither expressly by the Act nor impliedly by any rules of natural justice does an accused practitioner have the right, in my opinion, to demand that he personally, or through his legal representatives, must be present at every single stage in the whole of the proceedings involved in an enquiry conducted by a disciplinary committee under the regulations right up to the consideration of the report and

recommendations /

recommendations of that committee by the respondent itself. Neither the proviso to sec 42(1) nor the terms of reg. 8 give him, in my view, such a right. That he should be able to be present and represented at the hearing of all the evidence and that he should be able to address or have his representative address on all the evidence does not mean that if all the representations then made by him or on his behalf are recorded and placed before the respondent when called upon to confirm or otherwise the disciplinary committee's finding and recommendations, then there must still be a further right to repeat, elaborate or add to the representations, already before the respondent, in an additional appearance."

Dit is nie nodig om te besluit oor die trefwydte van artikel 42(2) van die Wet, of die korrektheid al dan nie van die beslissing in Helgesen se saak nie.

Al sou daar aanvaar word dat Helgesen se saak verkeerd beslis is, dat artikel 42(2) van die Wet aan die appellant

h verskyningsreg voor die Raad voor strafoplegging
 verleen, en dat vir soverre regulasie 14(12) met
 artikel 42(2) strydig is die aangetaste deel daarvan
ultra vires is, kan daar in die omstandighede van die
 onderhawige geval nie gesê word dat die audi alteram
partem reël misken is nie.

Die appellant was tydens al die verrigtinge
 voor die tugkomitee regsverteenvoerdig. Sy getuienis
 ter versagting van straf, en die betoog van sy advokaat
 betreffende straf, verskyn volledig op die oorkonde van
 daardie verrigtinge. Die volledige oorkonde het voor
 die lede van die Raad gedien, en hulle het insae daarin
 gehad. Die appellant is bewus gemaak van die feit dat
 die Raad die aanbevole straf van die tugkomitee kon ver=

swaar /

swaar of versag. Hy moes besef het dat die Raad oor sy straf sou besin en dan 'n straf oplê, en dat dit nie hier gegaan het bloot oor die bekragtiging van 'n opgelegde straf nie. Hy is die geleentheid gebied om skriftelike vertoë aan die Raad te rig maar het nie daarvan gebruik gemaak nie. In die normale gang van sake, as 'n persoon uitgenooi is om sy saak te stel en verseg om die uitnodiging te aanvaar, kan hy hom beswaarlik op die audi alteram partem slagspreuk beroep. (Vgl Radloff v

Clocolan Ko-operatiewe Landbou Maatskappy Bpk 1955(3) SA

418 (A) op 423 B). Hier gaan dit egter nie soseer oor die appellant se reg om sy saak te stel nie, maar eerder sy reg tot verskyning voor die Raad. Ofskoon die reg hom nie uitdruklik aangebied is nie, is hy die reg

nooit /

nooit ontsê nie. Die appellant het nooit gevra om toegelaat te word, hetsy persoonlik of deur 'n regsvertegenwoordiger, om voor die Raad te verskyn om vertoë te rig aangaande sy straf nie. Waar die appellant nie op so 'n reg aanspraak gemaak het nie, en geen versoek in dié verband aan die Raad gerig het nie, kan hy nouliks kla dat die audi alteram partem reël misken is.

Die situasie is tot 'n mate analoog met die geval van 'n beskuldigde wat in 'n strafsak nie regsvertegenwoordiging aanvra nie. Ek is dit eens met wat MARGO, R, in dié verband in S v Baloyi 1978(3) SA 290 (T) gesê het op 293 F, naamlik:- "However, where he does not seek (legal representation), and where no irregularity occurs

by /

by which he is deprived of it, there is no principle or rule of practice of which I am aware which vitiates the proceedings". In die onderhawige geval was daar myns insiens geen miskenning van die audi alteram partem reël nie, en gevolglik geen onreëlmatigheid nie.

Die appèl word van die hand gewys, met koste, insluitend die koste van twee advokate.

J W SMALBERGER

WAARNEMENDE APPÈLREGTER

JANSEN, Wn HR)

JOUBERT, AR)

CILLIÉ, AR)

VAN HEERDEN, AR)

STEM SAAM